higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SKEP VAN NUWE ONDERNEMINGS
NKR VLAK 2

(3011032)

12 Maart 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n … is die tipe eienaarskap wat 'n maksimum ledetal van 50 het.

A Private maatskappy
B Openbare maatskappy
C Vennootskap
D Beslote korporasie

1.1.2 Die eksterne faktore wat ondernemings beïnvloed word gesien as …

A sterkpunte en swakpunte.
B sterkpunte en bedreigings.
C swakpunte en geleenthede.
D geleenthede en bedreigings.

1.1.3 'n … is die hulpmiddel wat gebruik word om 'n opname te doen.

A Waardeketting
B Staafgrafiek
C Segmentgrafiek
D Vraelys

1.1.4 'n Verlies ontstaan in die besigheid wanneer die …

A uitgawes gelyk aan die inkomste is.
B inkomste meer as die uitgawes is.
C uitgawes meer as die inkomste is.
D beginvoorraad by die eindvoorraad gevoeg word.

1.1.5 Die tipe behoeftes vir die bevrediging van die hoogste moontlike vlak van persoonlike prestasie word ... genoem.

A sekuriteitsbehoeftes
B fisiese behoeftes
C status- en aansienbehoeftes
D selfverwesenliking

NCV

1.1.6 Watter EEN van die volgende is ‘n eienskap van ‘n diens?

A Aanvoeling
B Tasbaarheid
C Ontasbaarheid
D Voorkeur

1.1.7 Wins is die verskil tussen …

A inkomste en uitgawes.
B vaste en veranderlike kostes.
C beginvoorraad en eindvoorraad.
D netto wins en inkomste.

1.1.8 Wanneer die onderneming se inkomste gelyk aan sy uitgawes is, word dit die … genoem.

A eenheidskoste
B ekwilibrium
C gelykbreekpunt
D wins

1.1.9 Watter EEN van die volgende is ‘n voorbeeld van ‘n staatsinstelling?

A Private kollege
B Vodacom
C Unilever
D Tegniese Beroepsonderwys- en opeidingskollege

1.1.10 Die doelwit vir die bedryf van ‘n onderneming is om …

A beroemd te wees.
B arm mense te help.
C werkgeleenthede te skep.
D wins te maak.

(10 × 2) (20)

NCV

1.2 Kies ‘n item of woord uit KOLOM B wat by ‘n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Koste van goedere by produksie van produkte vir verkope	A	voertuig
1.2.2	Die verskil tussen inkomste en uitgawes	B	gelykbreekpunt
1.2.3	Voorbeeld van ‘n vaste bate	C	verlies
1.2.4	Lenings wat oor ‘n aantal jare terugbetaal word	D	bedryfsbates
1.2.5	Brown & Seuns	E	kamer van koophandel
1.2.6	Wanneer die inkomste en uitgawes gelyk is	F	langtermynlas
1.2.7	Koste wat verander na gelang van aantal geproduseerde eenhede	G	bankoortrekking
1.2.8	Bates met ‘n lewensduur van minder as ‘n jaar	H	veranderlike kostes
1.2.9	Professionele SA instelling	I	direkte kostes
1.2.10	Voorbeeld van korttermynlening	J	vennootskap

(10 × 2) (20)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Grondstowwe en vervoerkoste is voorbeelde van veranderlike kostes.

1.3.2 Biblioteke en die internet is bronne van sekondêre data.

1.3.3 Kompetisie tussen maatskappye het laer pryse tot gevolg.

1.3.4 ‘n Beslote korporasie mag nie meer as 20 lede hê nie.

1.3.5 ‘n Uitlener is ‘n persoon of instelling wat geld in die vorm van ‘n lening beskikbaar stel om jou te help om ‘n sakeprojek te finansier.

(5 × 2) (10)

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae.




DIAMOND WEAR

Andile Cele is 'n 25-jarige hardwerkende dame wat haar graad in klereproduksie verwerf het. Sy het 'n handelsmerk met die naam van Diamond Wear geskep. Sy het tot 2014 by Shoprite as kassier gewerk alvorens sy met haar droomloopbaan begin het.

Sy verwelkom dit dat haar kliënte self met idees vorendag kom oor watter tipe klere hulle wil dra na die geleenthede wat hulle gaan bywoon. Sy bestuur haar onderneming van die huis af en werk in een van die agterkamers om huurgeld te bespaar. Twee van haar vriendinne werk vir haar en help met die ontwerp en boekhouding. Andile se maandelikse uitgawes sluit die volgende in:

Salarisse	R3 200
Brandstof	R 500
Versekering	R 600
Telefoon	R 400

2.1 Identifiseer die tipe eienaarskap in die gevallestudie. Motiveer jou antwoord. (2)

2.2 Verduidelik TWEE rolle van elk van die volgende organisasies en gee 'n voorbeeld van elk:

2.2.1 Niewinsgewende organisasies

2.2.2 Staatsorganisasies

(2 × 2) (4)

2.3 Identifiseer TWEE sterkpunte en TWEE swakpunte van Andile se onderneming. (2 × 2) (4)

2.4 Noem TWEE moontlike bedreigings vir Andile se onderneming. (2)

2.5 Verduidelik aan Andile die VIER *handelsbeginsels* wat haar mark definieer. (4 × 2) (8)

2.6 Noem die DRIE sakesektore in die Suid-Afrikaanse ekonomie en gee 'n voorbeeld van elk. (3 × 2) (6)

2.7 Bespreek kortliks die belangrikheid van 'n *professionele liggaam.* (4 × 1) (4)

[30]

VRAAG 3

3.1 Verduidelik kortliks DRIE metodes vir die insameling van primêre data wat Andile kan gebruik om inligting oor haar onderneming se markpotensiaal in te win. (3 × 2) (6)

3.2 DIt het onder jou aandag gekom dat daar by Andile se kliënte 'n behoefte vir 'n haarkapper is. Jy bly langsaan Andile en is in 'n goeie posisie om aan hierdie behoefte in die mark te voldoen.

- Ontwerp 'n vraelys om die nodige data in te samel.
- Daar moet 'n minimum van VYF vrae gestel word.
- Gebruik minstens DRIE verskillende tipes vrae.
- Punte sal ook toegeken word vir netjiese werk. (10)

3.3 Identifiseer DRIE faktore wat die prysbepaling van 'n produk beïnvloed. (3)

3.4 Dit is noodsaaklik dat Andile haar onderneming bemark ten einde meer kliënte te lok.

Verduidelik kortliks die VIER bemarkingsmengselpunte wat haar hiermee sal help. (4 × 2) (8)

3.5 Noem DRIE insette waarvan Andile by die produksie van 'n uitrusting gebruik moet maak. (3)

[30]

VRAAG 4

4.1 Noem en verduidelik VIER verskille tussen 'n *produk* en 'n *diens*. (4 × 2) (8)

4.2 Verduidelik die bekenis van die *wet van aanbod.* (2)

4.3 Lees die volgende stelling en beantwoord die vrae:

STELLING:

Mandisa bedryf haar onderneming vanuit haar agterplaas omdat die laerinkomstegroep haar teikenmark is.

4.3.1 Stem jy saam met hierdie stelling? (1)

4.3.2 Motiveer jou antwoord deur na die bemarkingsmengsel te verwys. (3 × 1) (3)

4.3.3 Hoe sal jy die begrip *teikenmark* definieer? (2)


Kopiereg voorbehou

4.4 Bestudeer die prente hier onder en kategoriseer hulle volgens NOODSAAKLIKHEID of BEGEERTE. Skryf slegs 'noodsaaklikheid' of 'begeerte' langs die vraagnommer (4.4.1–4.4.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.4.1



4.4.2



4.4.3



4.4.4



(4 × 1) (4)
[20]

VRAAG 5

5.1 Identifiseer die volgende kostes in die gevallestudie in VRAAG 2 en skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.2) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1.1 TWEE veranderlike kostes

5.1.2 TWEE vaste kostes

(2 × 2) (4)

5.2 Noem TWEE verskille tussen *vaste bates* en *bedryfsbates.* (2 × 2) (4)

5.3 Identifiseer TWEE metodes vir die bestuur en beheer van ‘n begroting. (2)

Kopiereg voorbehou

5.4 Voltooi die volgende kontantvloeibegroting van Diamond Wear. Skryf slegs die ontbrekende bedrae langs die vraagnommer (5.4.1–5.4.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

Kontantvloeibegroting van Diamond Wear		
	September	**Oktober**
Banksaldo begin van die maand	R9 000	**(5.4.4)**
INKOMSTE		
Kontantverkope	R10 000	R7 000
Kredietverkope	R3 000	R3 500
Ander inkomste	R2 000	R1 500
TOTALE ONTVANGSTES	**(5.4.1)**	**(5.4.5)**
BETALINGS		
Kontantaankope	R4 000	R4 000
Maandelikse uitgawes	R6 700	R3 000
Ander betalings	R 1 600	R1 000
TOTALE BETALINGS	**(5.4.2)**	**R8 000**
Banksaldo einde van die maand	**(5.4.3)**	**(5.4.6)**

(10)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou